



**NG Kerk in Suid-Afrika  
(Sinode van Wes-Kaapland)**

**KOMMUNIKASIEBESTUURDER**

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as kommunikasiebestuurder. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. 'n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerkfamilie se strukture sal die aansoek versterk.

**Vereistes**

- Toepaslike tersiêre kwalifikasie
- Uitstekende taal- en formuleringsvaardighede in Afrikaans en Engels
- Bewese toepaslike rekenaarvaardighede
- Bewese ervaring in die bedryf van verskillende sosiale mediaplatforms
- Bewese ervaring in taalversorging, redigering en vertaling
- Kennis van basiese grafiese ontwerp en webwerfadministrasie
- Sterk administratiewe vermoëns
- Leierskap- en bestuursvaardighede
- Bewese ervaring van video-vervaardiging en -redigering is 'n sterk aanbeveling

Die ideale kandidaat het sterk interpersoonlike vaardighede, die vermoë om 'n span te lei en kan doeltreffend onder druk werk. Noukeurigheid en 'n ingesteldheid op detail is ononderhandelbaar.

**Verantwoordelikhede**

- Die ontwikkeling van 'n kommunikasiestrategie asook gereelde evaluering en aanpassing hiervan
- Die uitvoer van die kommunikasiestrategie van die sinode deur onder meer:
  - 'n weeklikse e-nuusbrief
  - *sosiale media*
  - die sinodale webwerf
  - *ad hoc kommunikasie*
- Telefoniese, skriftelike sowel as persoonlike skakeling met diensgroepe en taakspanne betrokke by sinodale werksaamhede, gemeentes, lidmate en die publiek
- Hulp met die versorging van mediaverklarings en ander kommunikasie
- Die daaglikse bywerk van die sinode se sosiale mediaplatforms en webwerf
- Die ontwerp/uitleg van advertensies, brosjures en inligtingstukke
- Die taal- en dokumentversorging van amptelike dokumente
- Die uitbou van die korporatiewe identiteit van die sinode in oorleg met die moderatuur

**Vergoedingspakket:** Volgens sinodale riglyne

**Aanstellingsdatum:** 1 Januarie 2019

Rig 'n volledige CV voor 8 November 2018 om 12:00 aan:

Die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (Kenny Raats), NG Kerk in SA, Privaat sak X8, Bellville 7535

E-pos: [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za)

Heg ook 'n bondige voorlegging van **maksimum twee bladsye** aan waarin u uiteensit hoe kerklike kommunikasie na u mening enersyds dien as getuigenis van God se werk in en deur sy kerk en andersyds uitgebou kan word om lidmate ingelig oor die werk van die breë NG Kerkfamilie te hou.

**Navrae:** Kenny Raats by [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za) / 082 886 5643 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by [fherselman1@telkomsa.net](mailto:fherselman1@telkomsa.net) / 081 270 3226.